SimpleStudy®

Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 11

## NOVEMBER 2013

# GESKIEDENIS V2 ADDENDUM

Hierdie addendum bestaan uit 8 bladsye.

## VRAAG 1: NASIONALISME IN SUID-AFRIKA

**SLEUTELVRAAG: WATTER INVLOED HET DIE TWEEDE WÊRELDOORLOG OP AFRIKANE SE NASIONALISME IN SUID-AFRIKA GEHAD?**

### BRON 1A


Hierdie bronne handel oor die ANC se besluit om aan die Tweede Wêreldoorlog deel te neem en is uit *Nuwe Generasie* deur F. Frank *et al* geneem.

### GESKREWE BRON

Oor die algemeen het menige swartes die idee om deel te neem aan die Tweede Wêreldoorlog ondersteun. Die African National Congress (ANC) het verklaar dat Suid-Afrika geregverdig was om aan die kant van Brittanje te veg. Tydens die ANC se jaarlikse konferensie in Desember 1939 is daar voorgestel dat vir hul deelname in die Tweede Wêreldoorlog moet die regering dit heroorweeg om Afrikane en alle nie-blanke rasse in die land volle burgerskap te gee. Dr Xuma het geskryf "dié is julle laaste en God-gegewe kans om julle land te dien … wat vryheid en voorspoed sal bring aan alle nie-blanke rasse wie alles en hul lewens opgeoffer het, in die verdediging van en vir die vryheid van Suid-Afrika". Swart Suid-Afrikaners was bewus van die feit dat Hitler se Nazi Party se filosofie gebaseer was op segregasie en rasse-diskriminasie. Swart Suid-Afrikaners wat deelgeneem het aan die oorlog was nie toegelaat om wapens te dra nie, maar was slegs as bestuurders, loopgraafgrawers, kokke, kamp-bediendes en as draagbaardraers gebruik.

### VISUELE BRON

Hierdie foto was in die *Guardian* gepubliseer wat die wit Suid-Afrikaanse regering aanmoedig om swartes te bewapen.




Gee hom 'n wapen nou!

Vir verdediging en oorwinning!

Uitgereik deur die Kommunistiese party van Suid-Afrika.

**BRON 1B**

Hierdie uittreksel is geneem uit *History for Today* deur F.E. Graves *et al* en handel oor die impak van die Tweede Wêreldoorlog op die ontwaking van Afrikane nasionalisme.

Die oorlog het swartes bewus gemaak van hul gebrek aan politieke regte. In 1943 het die ANC, ŉ dokument gebaseer op die Atlantiese Handves, bekend as "Afrikane Eise in Suid-Afrika" aangeneem. In hierdie dokument het hulle ŉ beroep gedoen vir die beëindiging van rasse-diskriminasie en dat die stemreg aan alle volwassenes gegee word, ongeag die ras. Verder is daar ook geëis vir die regverdige verdeling van grond, vryheid ten opsigte van handeldryf vir Afrikane, die reg tot vry en gelyke opvoeding vir alle Afrikane-kinders en voldoende gesondheidsfasiliteite vir almal en die beëindiging van alle diskriminasie praktyke in die werksplekke.

Swart Suid-Afrikaanse soldate was tydens die oorlog geïnspireer met die idees van vryheid en demokrasie. Hierdie begeerte vir vryheid het bygedra tot die ontwaking van swart nasionalisme. Diskriminasie was egter nog steeds toegepas na die oorlog.

**BRON 1C**

Hierdie bron handel oor die herlewing van die ANC wat uiteindelik gelei het tot die ontstaan van die ANC Jeugliga (ANCJL) en is geneem uit *Turning Points in History: Indusrialisation, Rural Change and Nationalism* deur die *Institute for Justice and Reconciliation*.

Gedurende die 1940's is die herlewing van die ANC aangevuur deur die ontevredenheid van die werkersklas. Die ANC-leierskap was beide uitgedaag en beïndruk met die relatiewe sukses van die werkersunies-beweging se mynwerkers-staking in 1946. Terwyl die organisasie nog in hoofsaak konserwatief in sy benadering was, het hierdie militante houding van die werkersklas die ANC beïnvloed. Die ontwaking van die ANC was ook nie sonder probleme nie . Die hoof probleem vir spanning in die ANC-kamp was dat sommige lede ten gunste daarvan was om ŉ veelrassige opposisie beweging te skep, terwyl ŉ minderheid wie na verwys word as die Afrikane, gevoel het dat die Afrikane moet hulself alleen organiseer. Die wrywing het uiteindelik daartoe gelei dat die groep onderleiding van Robert Sobukwe weggebreek het vanaf die ANC en in 1958 die *Pan Africanist Congress* (PAC) gestig.

**BRON 1D**

Hierdie uittreksel handel oor hoe die stigting van die ANC Jeugliga bygedra het tot die ontwaking van swart nasionalisme en is geneem uit *Nelson Mandela* deur A. Hagemann.

Gedurende die 1940's het die ideologie van Afrikanisme uiting gevind in die ANC Jeugliga wat in April 1944 gestig is. Die ANC Jeugliga het die dryfveer geword vir die verandering van die ANC vanaf ŉ gematigde, konserwatiewe organisasie na ŉ massabeweging vir nasionale bevryding. Die Jeugliga het die ANC en sy leiers gekritiseer dat hulle uit voeling was met die massas, dat hulle slegs die belange van die konserwatiewe minderheid in ag neem en dat hulle swak georganiseerd was. Hulle was verder aangemoedig deur die suksesvolle verset-aksies van die inwoners van Alexandria en groeiende vakbond-aktiwiteite. Die 1946 mynwerkers-staking het ŉ groot invloed op baie van die Jeugliga-lede gehad. Dit was deur sulke invloede dat hulle met nuwe politieke strategieë soos boikotte, stakings, burgerlike ongehoorsaamheid, geen samewerking en wegbly-aksies begin het.

## VRAAG 2: NASIONALISME IN DIE MIDDE-OOSTE

## SLEUTELVRAAG: WAT WAS DIE GEVOLGE VAN DIE NASIONALISTIESE ASPIRASIES VAN DIE PALESTYNE EN DIE ISRAELI'S?

### BRON 2A

Hierdie uittreksel is geneem uit *The Middle East since 1945* deur S. Ross en handel oor die oorsprong van die konflik tussen die Arabiere en Joodse nasionaliste.

Na die gewelddadige aanvalle op Joodse gemeenskappe, het ŉ groep Joodse vlugtelinge, genaamd "Liefhebbers van Sion" ŉ oproep gedoen vir "ŉ tuiste in ons land" omdat Jode verspreid oor Europa was. Die volgende stap in die Sionistiese beweging het ontstaan met die Sionistiese kongres in Switserland, byeengeroep deur Theodor Herzl om oor die doelwitte en strategieë van die beweging te besluit. Joodse afgevaardigdes was ten gunste van Palestina, alhoewel Herzl aanvanklik ŉ nasionale tuiste in Argentinië tot stand wou bring. Afgevaardigdes is na Palestina gestuur om die land te gaan verken. Die bevinding was soos volg: "die bruid is mooi, maar is getroud met ŉ ander man." Die lae selfbeeld wat die Jode teenoor die Arabiere getoon het word gereflekteer in die Sionistiese slagspreuk: "ŉ Land sonder mense vir mense sonder ŉ land." Niemand het die tweede gedeelte van die frase betwis nie, maar om nie die bestaan van 535 000 Moslems (Arabiere) en 90 000 Christene wat in Palestina woon te erken nie was gevaarlik en arrogant. Duisende Jode het na Palestina geïmmigreer.

Hierdie uittreksel is geneem uit *The Everything Middle East Book* deur J.M. Fellure en handel oor die totstandkoming van die staat Israel en die onmiddellike gevolge daarvan.

Met die steun van belangrike lede van die Verenigde Nasies vir ŉ Joodse staat en Brittanje wat sy dertig-jare mandaatskap oor Palestina laat vaar het, het die Russies gebore David Ben-Gurion die staat van Israel op 14 Mei 1948 verklaar. Die grense van die nuwe staat was nie duidelik afgebaken nie. Beide die Israeli's en Arabiere het besef dat dit nie deur die pen bepaal sou word nie, maar deur die wapen. Die volgende dag het Arabiese weermagte (Egipte, Jordanië, Sirië, Libanon en Irak) hul eie deklarasie van weerstand verklaar en die eerste Arabiese-Israel oorlog het begin.

Om die heersende oorlog van 1948 te ontsnap, het 70% van die Palestynse Arabiere uit hul land en plase gevlug, met die hoop om terug te keer wanneer dinge afgekoel het. Baie het hulle gaan vestig in die onbeheerde gebiede in die Wes-Oewer of in die Gaza-Strook. Na die beëindiging van die oorlog en met die terugtog na hul huise, besighede en plase, gevind dat hulle nie welkom was nie. Diegene wat die Israeli soldate kon ontduik het nou egter Joodse families in hul huise gevind wat hul meubels gebruik en op hul plase boer. Die enigste bewys dat dit wel hul eiendom was, was ŉ geraamte sleutel. Die Arabiese lande het ook nou die permanente nedersetting van Palestynse vlugtelinge in hul lande geweier en daarop aangedring op hul reg om terug te keer na Israel. Israel het ook geweier om die terugkerende Palestyne te vestig omdat dit ŉ meerderheid Palestynse Arabiere in Israel tot gevolg sou hê. Miljoene vlugtelinge moes huisvesting vind in vlugtelingkampe en in tente woon. Teen die 1980's was dit dié wrok van die vlugtelinge, een van die dryfvere agter Palestynse nasionalisme.

## BRON 2C


Hierdie artikel is uit *www.Palestinefacts.com* geneem wat deur 'n Israeli groep oor die Sesdaagse Oorlog van 1967 geplaas is.

## GESKREWE BRON 2C(I)

Nasser het die Arabiese doelwit, … die volle herstel van die Palestynse regte, duidelik omskryf. Met ander woorde ons beywer ons vir die vernietiging van die staat Israel. Die onmiddellike doelwit was om die Arabiese militêre magte te versterk. Nasionale doelwit: die uitwissing van Israel. Spanning op die grense van Sirië en Jordanië het vergroot na aanleiding van gereelde guerrilla-aanvalle op Israel. Egipte het nou die Seestraat van Tiran weereens vir Israeli se skepe gesluit.

Ander Arabiese leiers van Sirië, Jordanië en Irak het aangesluit en voorberei vir oorlog en hierdeur meer druk op Nasser, president van Egipte geplaas wie beskou was as die leier van die Arabiese wêreld. Israel het 'n aangekondigde lugaanval op 5 Junie teen Egipte, Jordanië en Sirië geloods. Dit was gedoen om te voorkom dat Israel van beide kante aangeval word. Die Israeli's het sinies en valslik verklaar dat hul aanval 'n teenvoeter vir Arabiese aksies was. Binne die bestek van ses dae het Israel die Arabiese magte verslaan en byna verdriedubbel in grootte as gevolg van die oorname van Arabiese gebiede.

## VISUELE BRON 2C(II)



## VRAAG 3: APARTHEID SUID-AFRIKA – 1940's TOT 1960's

## SLEUTELVRAAG: HOE HET DIE APARTHEIDSWETTE DIE REGTE VAN MENSE IN SUID-AFRIKA GESKEND?

### BRON 3A

Hierdie bron handel oor die redes vir die implementering van apartheid en is geneem uit *History of Southern Africa* deur K. Shillington.

In die woorde van een van die argitekte van apartheid, H.F. Verwoerd, Minister van Bantoe-Administrasie en later Eerste Minister (1958-66) verklaar dat daar geen plek vir die swartes in die blanke gemeenskap is nie, maar slegs om arbeid te verskaf. Om aan swartes gelyke opvoeding as blankes te gee is om hulle die groen weivelde van die Europese samelewing te wys en sou hulle net mislei omdat swartes nie toegelaat was om hier te wei nie. Die apartheidswette was nie net die rassistiese standpunte van Afrikaner nasionaliste nie, maar het ook die kapitalistiese werkgewer bevoordeel wat swart werkers lae lone betaal en groot wins hierdeur gemaak het. Swartes, wat die meerderheid van die werkersgroep uitgemaak het, was in ŉ onderdanige posisie gehou deur wetgewing soos die Industriële Rekonsiliasiewet, Myn- en Werkerswet en die Beskaafde Arbeidsbeleid. Die Nasionale Party het tydens die 1950's en 1960's die meeste stemme in die algemene verkiesings gewerf.

### BRON 3B

Hierdie bron handel oor die apartheidswet naamlik die Groepsgebiedewet en is uit die *Readers Digest: Illustrated History of South Africa* geneem.

Die volgende hoeksteen van apartheid was die Groepsgebiedewet, wat geproklameer was in dieselfde jaar as die Bevolkingsregistrasiewet. Terwyl residensiële segregasie teenoor Afrikane en Indiërs ŉ lang geskiedenis het, is dit gedurende die 1920's strenger op Afrikane en gedurende die 1940's op Indiërs toegepas. Hierdie beleid is nou verder uitgebrei. Die wette het beoog om elke groep tot sy spesifieke residensiële en handelsgebiede in stede en dorpe te beperk. Hierdeur kon hulle die koop of besit van eiendomme in spesifieke gebiede beheer. Sterk uitspraak is gelewer teen "gemengde voorstede as die doodsbed vir die Europese nasie." Die nasionaliste het die wette wat geïmplementeer is geregverdig as "die prys wat ons moet betaal …" Om sekerheid te bereik oor die toekoms van ons huise en plekke van besighede. Natuurlik was daar aan hulle wense voldoen.

**BRON 3C**

Hierdie bron handel oor die implementering van die Groepsgebiedewet en die gevolge daarvan en is geneem uit *District Six: The Spirit of Kanala* deur C. Schoeman.

Sedert die uitreiking van die Groepsgebiedewet in 1950 deur die regering, was daar ŉ ongemaklike gevoel onder die mense van Distrik Ses, wat so sentraal in Kaapstad geleë is, dat dit as ŉ blanke gebied verklaar sou word. Sestien jaar later word die grootste deel daarvan inderdaad as ŉ blanke gebied verklaar. Volgens die regering was behuising swak in Distrik Ses en ŉ gesondheidsrisiko vir die stad. Die regering het alternatiewe woongebiede op die Kaapse Vlakte belowe en gratis vervoer om die mense en hul besittings na hul nuwe tuistes te neem. Baie mense het geglo dat hul verskuiwing op ŉ baie onsensitiewe manier deur die verantwoordelike owerhede gehanteer is. Volgens dr. Richard van der Ross: "Daar was geen verstaanbaarheid, geen gevoel, geen sensitiwiteit nie. Hierdie mense het huise, families, vriende, werk, skole en kerke gehad – maar dit het niks beteken nie. Jy sal maar net moet gaan, was aan hulle gesê."

Die mense was nou gekonfronteer met ekstra uitgawes vir bus- en treingelde na hul werksplekke, hoër huur, moeders wat nou moes gaan werk wat beteken het dat families minder tyd saam bestee het. ŉ Nuwe huis, ŉ nuwe adres het beteken nuwe bure. Hulle sou nie meer saamwees nie, nie meer die ou omgewing hê nie en ook nie meer die gevoel van eenheid of ŉ gemeenskap nie. Larna Lawrence, ŉ voormalige inwoner van Distrik Ses het die volgende te sê gehad: Die solidariteit, die liefde vir mekaar was verewig vernietig. Die skielike en totaal onsensitiewe optrede van sommige owerhede was moeilik om te glo. Die offisiere het net opgedaag en gesê: "Hier is jou plek in Manenberg, hier is jou sleutel, hier is jou vragmotor, trek!" Stootskrapers het die plekke gesloop soos die mense die plekke ontruim het.

ŉ Gedig deur Adam Small oor Distrik Ses (Oorspronklike weergawe)

Die stootskrapers…..
klaar gekom het hulle
en plat gedonner
alles hieso
alles, alles
hyse, harte
die lot
alles
God!

**ERKENNINGS**

Fellure J.M. 2004. *The Middle East book* (Actions media and F&W Publishers)

Frank F.E. *et al* 2012. *New Generation (New Generation Publishers)*

Graves F.E. *et al* 1989 *History for Today (Juta and Co)*

Hagemann A. 1996. *Nelson Mandela* (Fontein Books)

Institute for justice and Reconciliation. 2004. *Turning Points In History (STE Publishers)*

Preston, A. 1995. *Pictorial History of South Africa* (Bison Group)

*Readers Digest Illustrated History of South Africa: The Real Story: 1988. (The Readers Digest Association)*

Ross, S. 2004. *The Middle East since 1945* (McGraw Hill company)

Schoeman, C. 1994. *District Six: The Spirit of Kanala.* (Human Rousseau)

Shillington K. 1987. *History of Southern Africa* (Longman)

www.Palestinafacts.com

Zapiro, 2007. *Mail and Guardian*